

BEPLAN JOU storie-uur

MARIDA MOSTERT

Kinderbibliotekaris, Brackenfell Biblioteek

Daar is niks wat kinders so vinnig by die biblioteek kry soos 'n storie nie. Voeg 'n aktiwiteit by en dis 'n wenresep! Dit verg egter goeie beplanning vooraf.

Elke week word volgens 'n tema beplan, byvoorbeeld, ouma, oupa, hond, kat, spinnekop, see, kuier, ensovoorts.

Die lengte van die stories wissel van jaar tot jaar, afhange van die ouderdomme van die kinders in die groep. Vanjaar se kinders wissel van een tot vyf jaar oud - Afrikaans-, Engels- en Xhosasprekende spruite.

Kies nie meer as drie boeke wat oor die selfde onderwerp handel nie, byvoorbeeld, drie boeke waarin 'n jakkals is.

Boeke moet kleurvolle, eenvoudige illustrasies hê, baie prente op een bladsy werk nie, en moet ook nie te besig wees nie. Hoe eenvoudiger hoe beter.

Dit is belangrik dat stories vertel word en nie voorgelees word nie. Sit aksie by, maak die storie lewendig. As daar diere in die storie is, laat die kinders die diere se geluide maak. As iemand slaap in 'n storie laat hulle lê en maak of hulle slaap en laat hulle sommer lekker snork!

Een van die grootste probleme is laatkommers. Hulle kan 'n storie sy hele draad laat verloor. Ook groot groepe kinders wat opdaag sonder om te laat weet dat hulle kom. Daar moet immers vir die handwerk-deel voorberei word.

Dan is daar van die grootmense wat verwag dat 'n kind so stil soos 'n muis moet wees.

So nou en dan kan van die ouers ook maar betrek word by die storie-uur. As ons die slag speletjies speel, sing of dans, neem die mamas en oumas ook deel. Een van ons mamas ('n opgeleide instruksie) het al vir ons aërobiese oefeninge laat doen. Met Paasfees

het 'n ander mamma vir ons Paasfees gebring wat ons weggesteek het.

Die aktiwiteite ná die stories moet verband hou met jou tema, en van so 'n aard wees dat die kind die grootste gedeelte self kan doen. Hulle neem ook dan die item saam huis toe, sodat pappa/mamma, ensovoorts, ook die storie agter die item kan hoor. Op hierdie manier word hulle luistervaardighede ook getoets.

Dis nie nodig om geld uit te gee nie. Maak net ou goed bymekaar en herwin.

Plaas 'n kennisgewing in die biblioteek van artikels wat benodig word, die publiek voorsien graag as hulle weet dis vir hulle kinders. Vra vir afval soos geskenkpapier, ou tydskrifte, verjaarsdagkaartjies, toiletrolle en vetkryte. Ou koerante kan verkoop en die geld gebruik word om verf/karton, ensovoorts, mee aan te koop. Hou 'n poppekas en vra 'n klein toegangsfooie om geld in te samel.

Storie-uur kan 'n verskil aan kinders se lewens maak deur hulle aan stories met 'n verskeidenheid temas bloot te stel. Hulle leer handvaardighede waaraan baie dalk nie blootgestel word nie, soos inkleur, verf, knip, plak, pas en skeur.

Dis 'n groot voorreg om met kinders te kan werk en 'n deel van hulle lewens te wees. Hulle gee so baie terug, baie meer as die bietjie wat jy as storietaal vir hulle kan gee. Onthou altyd 'n kind wat

storie-uur geniet, is 'n kind wat gaan lees en die biblioteek gaan gebruik en geniet tot hy oud is.

